
14 – 17 Oktober 2026

PLASTON

d n s - k j n d



gebaseer op die teateretuk deur

P.G. DU PLESSIS

regie deur Two Tall Ladies

THE PLAYHOUSE THEATRE

webtickets
Live More.

Inhoudsopgawe

'n Woord van die Two Tall Ladies 1

Sinopsis 2


Waarom kom kyk ons na 'n drama? 3

P.G. du Plessis 5

Die rolverdeling 6

Die span 19

Bedankings 20



'n woord van die Two Tall Ladies

Dit is vir ons 'n voorreg om *Plaston: DNS-Kind* op die verhoog van die Playhouse-teater in Somerset-Wes te bring. Afrikaans lê ons na aan die hart. Dit kan lag en huil, terg en troos, skerp wees wanneer dit moet, maar ook sag en beeldryk. Ná soveel jare is daar weer 'n Afrikaanse produksie op die Playhouse-verhoog. Die belang-stelling en entoesiasme rondom die stuk herinner ons dat daar steeds 'n behoefte is aan Afrikaanse stories wat ons laat dink en lag.

Vir ons as die Two Tall Ladies, saam met die Plaston-span, Heléttе en Lienke Norval, is dit 'n groot vreugde om hierdie buiten-gewone teks met so 'n talentvolle groep te verwesenlik. Ons is ook baie dankbaar teenoor Marie du Plessis en Professor Marieta Carnelley vir die geleentheid om hierdie stuk op te voer.

Mag julle weggaan met dieselfde vraag waarmee ons self steeds sit:

Wat maak ons mens?

Welkom by *Plaston: DNS-Kind*!

Sitlopsis

Eerste Bedryf

Plaston kom met die trein op Aardendal aan, terwyl 'n span wetenskaplikes hom in die geheim vanaf die solder bo Mev. Kapp se winkel dophou. Hy ontmoet Kotie, Saar en Joon, maar sy skaamtelose woorde ontstel die dorp. Eerwaarde Genopen begin vermoed dat hierdie vreemdeling nie gewoon is nie.



Tweede Bedryf

Teen die aand groei die liefde tussen Plaston en Kotie, maar die dorp se spot en oordeel word skerper. Terwyl die Professor vrees sy eksperiment sal ontbloot word, beraam hy sy eie onderduimse planne. Plaston leer dat menswees nie net skoonheid en liefde is nie, maar ook pyn.

Waarom kom kyk ons na 'n drama?

Is dit net vir die ervaring, miskien 'n lekker aandjie uit? Om te lag, te huil en ander emosies te voel? Of is dit dalk ook om die menslikheid in onsself te ondersoek? Dit is waarskynlik wat P.G. du Plessis in gedagte gehad het toe hy nie net vir Plaston nie, maar al sy karakters in al sy baie stories geskep het. In briewe aan 'n kollega skryf hy:

"So is ons. So is ek, as ek in ander omstandighede, met ander motiverings en ander leed te make gehad het.



But for the grace of God… daar is geen einde aan ons perversies en wreedhede en luste nie. Of aan ons klein en groot leed nie. Elkeen sou sy wêreld anders wou gehad het,

en hom- of haarself. Skryf is dalk ook die kyk na die onnoemlike binne-in jouself - na dit waarvan jy goddank min genoeg ontvang het om dit nooit tot 'n daad te bring nie. Om die mensdom 'n bietjie lief te hê kom uit deernis, en deernis kom uit jammerte, en jammerte kom uit skrik - dat dit jy kon gewees het met wie dit gebeur het, dat dit jy kon gewees het wat so was."

En dit is dalk wat ons almal wat na Plaston: DNS-Kind kom kyk, vir onsself moet vra. Wat as? Wat as jy 'n dorpenaar was? Sou jy Plaston anders hanteer het? Wat as jy deur diepe vrese gedryf was? Soos Genopen en Let? Wat as jy Jan Smal was?


Ons almal was al 'n Plaston. Vreemd en anders op 'n plek wat ons nie ken nie. Miskien net so verwerp.

Wanneer jy jou dus verlustig in die storie van ons Plaston, die pragtige stel en die karakters, dink aan wat in 'n huldeblyk na sy dood van P.G. gesê is:

"P.G. se karakters is ronder as gewone mense, want hulle sê en hulle voel en hulle dink. Hulle is iemand wat jy ken en met wie jy deernis het omdat die skrywer die deernis in hulle ingeskryf het."

P.G. du Plessis

P.G. du Plessis (1934–2017) was 'n veelsydige Afrikaanse skrywer, dramaturg, joernalis en akademikus. Hy is in Boshof gebore en het by die Universiteit van die Witwatersrand onder N.P. van Wyk Louw gedoseer. In 1969 het hy hom tot die teater gewend met *Die Nag van Legio*, gevolg deur *Siener in die Suburbs*, wat hom die Hertzog-prys vir Drama besorg het, en *Plaston: DNS-Kind* in 1973. Hy het ook die gewilde *'n Seder Val in Waterkloof* geskryf. In die 1980's het hy 'n geliefde televisiepersoonlikheid geword met *Spies en Plessis* en *P.G. Gesels Met*. Sy oorlogroman, *Fees van die Ongenooides*, word as een van sy belangrikste werke beskou.



Die roluerdeling



Francois Retief
Plaston

Francois is van jongs af gebreinspoel om genot in die teater te vind. Hy het 13 jaar gelede by Stage Right Dramaskool aangesluit, en van toe af kon hy nie genoeg van toneelspel kry nie. Francois het reeds voorheen op die Playhouse-verhoog verskyn met rolle soos Peter Pan, Fyedka in *Fiddler on the Roof* en Benjamin in *Fiela se Kind*. Hy vind dat sy karikatuuragtige toneelspelstyl vir hom die perfekte geleentheid gee om sy naam op die verhoog gat te maak. Hoewel dit iets is wat hy hartlik geniet, weet hy ook hoe om rolle met meer erns aan te pak. Dit is juis dié kombinasie van eienskappe wat *Plaston: DNS-Kind* vir hom so 'n besonderse produksie maak: die komiese elemente lei tot die ontleding van wat dit beteken om mens te wees. Hierdie produksie is 'n geleentheid wat hy nie sommer wou mis nie.

Zané Habig

Kotie



Zané is 'n finale jaar onderwysstudent wat haar liefde vir teater in graad een ontdek het. Sy was al in verskeie produksies betrokke, insluitend *The Crucible*, *Jumanji*, *Noises Off*, *Calendar Girls* en *Wonka*. Agter die skerms was sy ook al verhoogbestuurder vir *The Party* en mede-regisseur vir produksies soos *Sleeping Beauty* en *Jungle Book*. Terwyl sy studeer, gee sy ook ekstra dramaklasse by die Helderberg Academy of Theatre. Haar gunsteling deel van haar karakter, Kotie, is om kwesbaarheid en onskuld uit te beeld, en om haar emosionele reis deur liefde, vreugde en hartseer te verken. Sy's opgewonde om hierdie ikoniese produksie op te voer.

Eben Bester
Professor

In graad een klim Eben vir die eerste keer op die verhoog en raak op slag verlief – daar was nie een aspek van die kunste wat hom nie gefassineer het nie. Hy voltooi sy B.A. Drama by Tukkies in 1999 en begin die onvoorspelbare reistog in die uitvoerende kunste. Van tyd tot tyd doen hy oorklanking en vertalings vir telenovelas en animasieproduk-sies, en hy is ook 'n kranige poppespeler. Die Professor in *Plaston: DNS-Kind* verteenwoordig die koue, kliniese wêreld van die akademie en die verhouding tussen skepper en skepsel. Hy vorm deel van 'n onheilige drie-eenheid wat agter die skerms die toutjies trek.



Gerda Kriel

Dr. Ganske

Gerda was vyf jaar oud toe sy by 'n kleuterskoolkonsert besef het die verhoog is 'n lekker plek. Daar kon sy haar verbeelding vrye teuels gee en in karakters klim wat sy andersins nooit sou nie. Sy het regdeur skool en op universiteit aan toneelstukke deelgeneem, maar die afgelope vyftien jaar speel sy die rol van eggenote, mamma en sielkundige. Maar stories bly haar kos – sy het twee radiodramas geskryf wat op RSG uitgesaai is. In *Plaston: DNS-Kind* vra Dr. Ganske: wat maak ons mens? Sy is die doring in die Professor se vlees, en bevraagteken telkens of dit eties is om 'n mens te kweek.



Anton Böhmer

Jan Smal

As sielkundige is ek met mense. Waar elkeen vandaan kom, nou is en op pad is, die tussenspel van brein, hart en lyf, bewuste en onbewuste, verhouding met ander, ver-houding met Self. Opgebou deur die dramas van die verlede. Ek identifiseer met Jan Smal. Hy sien sy programmering soos 'n pianis se klawers – deur die streel daarvan wil hy meer voortbring: melodie, ritme, herinnering, drome. Jan is die ewige kind wat wil speel, dans en verwonder, maar ook Pa wat sorg en beskerm. Hy word ingeweef in Plaston se ontwaking. Jan is vasgevang tussen die harde wetenskap en die morele stem. Mense noem my soms dokter. Ek is nie. Ek is net Anton.



Lilian Hougaard

Saar Genopen

Lilian Bianca Hougaard is 'n toegelate prokureur van Pretoria wat die jakarandabome vir Kaapse berguitsigte verruil het toe sy ses jaar gelede Kaap toe verhuis het. Bedags werk sy as prokureur tussen kontrakte en regsdrama; na-ure verruil sy die hofsaal vir die verhoog, 'n filmstel of 'n dansvloer. Op die verhoog het sy al by die Playhouse in Somerset-Wes opgetree in *Curl Up and Dye* deur Darryl Spijkers, asook in *Dracula* deur die einste Two Tall Ladies. Sy glo daar's 'n bietjie van Saar in elke vrou – innerlike konflik wat elkeen anders hanteer – en hoop Saar wys die gehoor dat ons nie alleen is in ons gevoelens nie.



Johan Ahlers

Eerwaarde Genopen

Johan het homself in 2004 vir die eerste keer op die "kassie" bevind. As jong, pasgetroude man het hy die verhoog betree wanneer hy kon. Na sy gesin se verhuising Kaap toe in 2020 het die verhoog vir amper agt jaar stil geraak. Tot nou. Met *Plaston: DNS-Kind* maak Johan sy terugkeer as 'n Dominee, oftewel Eerwaarde. 'n Rol wat hom perfek pas, want ná agt jaar se verhoog-onthouding het hy elke aand 'n wonderwerk nodig om sy woorde te onthou. Dis 'n eer om weer saam met wonderlike akteurs op die Playhouse-verhoog te wees. En as alles misluk… bid net vir die beste.



Christo de Kock

Joon

Christo is 'n kreatiewe individu met een been in die taalpraktyk en die ander been in die vermaaklikheids-industrie. Hy glo die lewe is, soos *Plaston: DNS-Kind*, 'n tragi-komedie en dit is juis waarom hy soveel aanklank by die teater vind. Ons wil julle ook graag voorstel aan sy goeie vriend, Joon. Hy lewe 'n vreedsame lewe op Aardendal en neem in vrede die daaglikse gebeure rondom hom waar. Joon is 'n karakter wat baie naby aan Christo se hart lê, want hy gee opreg om. Hoewel hy nie 'n man van vele woorde is nie, verstaan hy die mens en die wêreld op 'n diepgaande vlak. Sy beskeie voorkoms en geaardheid verberg hoeveel hy eintlik verstaan.





Karleine het blykbaar op 'n stadium in haar lewe besluit dat een beroep net eenvoudig nie genoeg drama bied nie. Nadat sy jare lank Drama onderrig het en kinders geleer het om te improviseer en met oortuiging te huil, het sy uiteindelik besluit om self weer op die verhoog te klim. As Let Lubbe is Karleine 'n vrou wat presies weet hoe dinge gedoen moet word - en, nog belangriker, sy weet presies hoe almal anders dit verkeerd doen. Let is mislik, veroordelend en gewapen met 'n stem wat waarskynlik van die volgende dorp af gehoor kan word. Sy skree. Sy oordeel. Sy beheer. En daar is selfs genoeg drama om 'n Drama-onderwyser gelukkig te hou!

Donald Brain
Lubbe

Donald het vier jaar gelede na Somerset-Wes verhuis na 'n loopbaan van 34 jaar as dosent in Gasvryheidsbestuur aan die Universiteit van Johannesburg. Sy teater-loopbaan het by die Heydays-groep begin, wat hom uiteindelik na die Playhouse en die Eenbedryf-feeste gelei het. In *Plaston: DNS-Kind* vertolk Donald die rol van Lubbe, 'n brutale en seksueel ge-frustreerde stasiemeester wie se huwelikslewe allermins 'n voorbeeld van huweliksgeluk is. Wanneer hy nie op die verhoog is nie, geniet Donald dit om aan vasvra-aande deel te neem, vir liefdadigheid te hekel en sy eie onderbaadjies te maak.



Erik van Zyl
Julius Pos



Erik is 'n doodgewone nege-tot-vyf-kantoor-werker van Stellenbosch wat iewers langs die pad besluit het dat die teaterplanke nou hard genoeg roep. Op 'n effens gevorderde ouderdom het hy toe die kans gevat, en kyk waar is hy nou! Hy het al in musiekblyspele soos *Shrek*, *Cinderella* en *Sleeping Beauty* gespeel, en self produksies geskryf. Saam met sy partner-in-crime, Frankie, het hy ook *Jumanji* en *The Crucible* geregisseer, met nog meer op pad. As Julius Pos, die dorp se posmeester, weet hy van almal se sake en het hy altyd 'n skerp woord gereed. Hopelik wag daar nog vele teater-avonture. Soos Pos self sou sê: "Ons kan die saak nie net daar laat nie."

Jolena Nicol

Mev. Kapp

Jolena het een aand grappenderwys vir haar 16-jarige dogter gesê sy moet saam met haar oudisie doen vir 'n toneelstuk waarin volwassenes én jongmense saam speel. Haar dogter het haar op haar woord geneem, en kort voor lank was Jolena self op die verhoog! In 2026 het sy haar debuut in *Calendar Girls* gemaak, en die verhooggogga het haar behoorlik gebyt. Toe sy hoor van *Plaston: DNS-Kind*, 'n Afrikaanse toneelstuk in haar huistaal, was haar belangstelling geprikkel. Nou wil sy haar stem vind, haar hare los laat en dit net geniet. Van terapeut na toneelspeler… wie sou kon raai?



Robyn Strobos

Ester Kapp

Robyn was van 'n baie jong ouderdom af besig om konserte tuis te skep sodat sy kon optree. Sy geniet die feit dat sy ander karakters buite haarself kan speel en vir oomblikke in ander skoene kan staan. Die verhoog gee 'n uitlaatklep aan haar ekspressiewe kant en bou haar selfvertroue. Dit is veral spesiaal om vir die eerste keer saam met haar ma in 'n produksie te speel. As Mev. Kapp se dogter, Ester, is dit vir haar 'n voorreg om te sien hoe haar ma die teaterwêreld ervaar en dat haar ma by haar kan leer, anders as die gewone, waar 'n dogter by haar ma leer. Sy sien uit om die ensemble te verteenwoordig en deel te wees van dié spesiale produksie.



Die span

Stelontwerp	Alison Scott John Charalambous
Stelbou	John Charalambous Steyn van Loggerenberg Markus Thiering Antonie Kock Pieter le Roux Martin Linnette Charlie Rohland
Verf en Dekor	Alison Scott Takura Chadoka Melisssa Rohland Talia Wille Karien Burger Anya Rosenstrauch Gemma MacRobert Burger Pretorius
Klank	Lorenzo Gollia Anya Rosenstrauch
Beligting	Daniel Good Seth Oldham
Kostuums	Lynn Merry Jane Wentzel Dawn Braun Donald Brain
Grimering	Anya Rosenstrauch Erik van Zyl

Musiek	Jon-Paul Ruschenbaum Jani Badenhorst
Fotografie	Tiffany Schultz
Verhoogbestuur	Talia Wille
Agterverhoog	Neo Botha
Grafiese ontwerp	Lienke Norval
Taaladvies	Heléttе Norval
Regie	Gretel le Roux Gillian Jones

Dankie aan...


- ♡ Almal wat tallose ure gewerk het om hierdie magiese stel te skep, veral Alison Scott en John Charalambous
- ♡ Karien Burger
- ♡ Playhouse Exco
- ♡ Paardevlei Bestuur
- ♡ Will van der Leij
- ♡ Two Tall Husbands
- ♡ Noel Pitout en die voor-portaal vrywilligers














Tiffany Schultz